

*Med. Geref. Gemeente Kroonstad-Oos*

# NUUSBRIEF

**Mei 2018**

*“Laat die liefde van God heers”*

## **Ons groet u uit die Pastorie**

Vriende, dis met groot vreugde dat ons as gesin julle groet vandag. Die maand van Maart en April was vol opwinding en ons is innig dankbaar vir die genade wat ons ervaar deur die Here. In Maart was ons as gesin bietjie na die Weskus en daar het ons weer herlaai vir die werk wat op ons wag by ons terugkoms. Dit was vir ons ‘n besondere tyd.



Een oggend langs die see het die Here met my as prediker gesels en aan my ‘n woord gegee wat my opnuut gevul het met nuwe verwagtings vir die jaar. Ek deel dit graag met julle. In 1 Korinthiërs 15:58 staan daar: Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.

Hierdie woord van bemoediging het my net weer laat besef dat die werk wat ons as christene vir die Here doen, nie ongesiens verbygaan nie en God roep ons om te volhard in alles wat ons doen. Ek wil julle graag herinner aan die rede waarom ons moet volhard in geloof en julle vra om nie te verslap in die werk wat God vir ons gee nie. Ons werk met groot inspanning voort om God se naam te verheerlik en om die evangelie te versprei want ons weet dit wat ons doen gaan net so vir die eer van die Here. Kom ons neem vandag ‘n tyd van gebed en rig ons gedagtes opnuut op die Here en kom ons werk weer met ywer voort om God se koninkryk uit te bou.

## Nuus uit die vorige maand



**Wêreldbiddag vir mans & vrouens** – Op 2 Maart het Kroonstad-Oos weer tyd ingeruim vir gebed. Tydens die oggendgebed het ons die Here gevra om ons manne en vrouens by te staan en om hulle te seën sodat hulle, hulle werk met ywer kan voortsit. Ons is innig dankbaar vir manne en vroue wat 'n passie het vir die Christelike geloof en in groot getalle die biddag bygewoon het. Laat ons aanhou bid vir ons manne en vroue en ook dat ons getalle sal vermeerder sodat ons God se werk kan voort sit en Sy naam verheerlik kan word.

**Nuut verkose kerkslede & kerksinduksie** – Gedurende Maart is die nuwe kerkslede aan die gemeente voorgestel. Ons is dankbaar vir elke man en vrou wat hulself bereid verklaar het om diens te doen in die gemeente. Ons vra dat alle lidmate op 'n gereelde basis sal intree vir ons kerkraad. Met die uitdagings wat net meer word en die druk wat al meer toeneem is die werk wat hierdie manne en vroue doen baie belangrik vir die kerk. Indien ons as gemeente wil groei en ook bekend wil staan as 'n gemeente waar mense weer tuis voel, sal ons hard moet werk. Op 10 Maart het ons as gemeente ook ons jaarlikse induksie gehou waar die kerkslede opgelei is om die beste moontlike diens te lewer aan die gemeente. Dit was 'n reuse sukses. Ons wil die gemeente herinner dat die kerkraad ernstig voel oor die gemeentelike werksaamhede en dat hulle erns maak met vooruitgang vir ons kerk. Laat ons gebede die kerkraad dra met elke taak wat hulle uitvoer.

**Biltong & Brood Aand** – Tydens die Paasfees het Kroonstad-Oos hulle jaarlikse gesamentlike nagmaal en kuier-geleentheid gehou. Na die kerkdien is saamgekuier by die Biltong en brood aand.



Die manne moes biltong voorsien en die dames die brood en smeergoed. Al die kerkgangers het heerlijk gekuier na die diens. Hierdie samesyn is 'n poging om lidmate te motiveer om te gesels oor die Paasgebeure en hul gedagtes te rig op die opstandingsondag. Volgende jaar doen ons dit weer en dan gaan ons nog groter.



## Paasfees

**Paasfees 29 Maart – 01 April** – Kroonstad-Oos het ingeskakel by die Ring se program vir die Paasfees (gesamentlike byeenkomste is gereël, waarby alle gemeentes betrokke was).

Ds. Cassie Carstens het hierdie jaar kom gesels oor ouerskap en die rol van ouers by die opleiding van hulle kinders. Die Sondag byeenkoms by Moedergemeente was 'n baie gesellige geleentheid. NG Suid het al die reëlins behartig en Moedergemeente het hul kerk oopgestel vir die geleentheid. Ons kyk met verwagting na die vrug wat opgelewer gaan word deur hierdie geleentheid en glo dat God ons ouers en kinders innig sal seën.

**Jeugdiens** – Die Jeug is vir Kroonstad-Oos baie belangrik.

Die kerkraad het dit goed gedink om een keer per kwartaal die jeug te betrek by 'n erediens. Die 15e April was die tweede Jeugdiens wat aangebied is. Die jongmense het die voorsang gelei



en ook die dankoffers opgeneem. 'n Tiener het die Woord verkondiging op 'n praktiese manier verduidelik en een van die kinders het ook uit die Woord gelees. Laat ons jeug gemaklik voel in ons gemeente, kom ons bid vir hulle en dra hulle op aan die Here.



**Karnaval (27 April)** – Hierdie een dag elke jaar vra: organisasie, beplanning, samewerking, deursettingsvermoë, bydraes, ens. Die ratte van hierdie wiel moet goed ge-olie wees om 'n sukses daarvan te maak. 'n Karnavalgevoel is geskep met die rooi en wit materiaal wat binne en buite die saal gebruik is. Omrede die karnaval op 'n vakansiedag gehou is, het die besoekers in groot getalle opgedaag. Die dansskool het gesorg vir aanskoulike danspassies. Die Ford maatskappy het 'n uitstalling gehad van hul voertuie en Willem Els het veteraan motors ten toon gestel. Danksy samewerking en omgee het die bloedbank hulle doelwit behaal met die aantal pinte bloed wat geskenk is. Nog voordat die karnaval amptelik geopen is het die DBV se honde alreeds die terrein deurgedraf. NFS Caregivers was baie dankbaar vir die ruim bydraes wat besoekers gemaak het. Selfs die motorfietsryers het luister verleen aan die dag met hul ysterperde. Kort voor lank was die tafels se voorraad uitgeput en almal was dit eens dat die dag 'n besondere geleentheid was. Die beplanning vir volgende jaar is alreeds in volle swang en is daar sprake van 'n optog deur die dorp om die karnaval te bemark. Kom ons neem hierdie jaar se sukses as basis vir elke jaar wat hierop volg om altyd beter en beter te doen. Die basaar se inkomste beloop meer as R200 000 en ons dank ons Hemelvader vir sy genade en bystand. **BAIE DANKIE AAN ELKEEN WAT OP EEN OF ANDER MANIER N BYDRAE GELEWER HET OM N SUKSES TE MAAK VAN ONS KARNAVAL.**

## Wat kan julle alles in Mei verwag



MAART			
Vroeg-oggend-koffie	06:00	Weekliks	Kerk
Rings gebedsbyeenkoms	07:00	Weekliks	NG Moedergemeente
Siekebediening vergadering	10:15	06 Mei, Sondag	Sentrumsitkamer
Gasvryheidsvergadering	18:00	07 Mei, Maandag	Sentrumsitkamer
Hemelvaartdiens	18:00	10 Mei, Donderdag	Kerk
Moedersdag	09:00	13 Mei, Sondag	
Pinksterdienste	18:30	13-17 Mei, Son-Do	Moedergemeente
Oosterligvriendekring	14:00	17 Mei, Donderdag	Sentrumsitkamer
Gemeentekursus	08:00-12:00	19 Mei, Saterdag	Kroonstad-Oos
Pinkster - nagmaal	09:00	20 Mei, Sondag	Kerk
Siekebedieninggesprek	10:15		Kerk
Kerkraadsvergadering	18:00	21 Mei, Maandag	Sentrum - saal
Jeugweek	18:30	21-23 Mei	Seniors - Rooiskool & Juniors - Kroonheuvel
Finansiële terugvoering	09:00	27 Mei, Sondag	Kerk
Ringsitting	10:00		Bothaville

## *Ander nuus*

**Gemeente kursus 19 Mei** – Alle ouers word uitgenooi om die gemeentekursus van 19 Mei by te woon en om moeite te doen om na die spreker te kom luister. Die toekoms van ons jeug en die blootstelling wat ons kinders kry is redes vir groot bekommernis. Die uitdagings word net meer en ons betrokkenheid by ons kinders raak al belangriker. Dr Tissie de König is al etlike jare betrokke om ouers op te lei oor die uitdagings van kinderontwikkeling. Saterdag, 19 Mei, kom gesels sy bietjie met ons oor groter betrokkenheid van ouers by hul kinders asook oor die hulpmiddels om kinders te laat blom. Die geleentheid se koste beloop R 25 p/p en sluit 'n ligte ete in. Kom ons neem die geleentheid tot ons beskikking en voeg waarde toe tot die opleiding van ons kinders. Die kerkkantoor kan geskakel word om jou plek te bespreek.

### **Bly bid vir ons Kerk –**



Een van die opdragte wat Christus vir Sy kerk gegee het, is om aan te hou bid vir die liggaam. Dit is so belangrik dat gelowiges tyd sal neem om die wil van God te soek en om in te tree vir die uitdagings wat die kerk in sy geheel in die gesig staar. Diegene wat die media dopgehou het, is sekerlik bewus daarvan dat die NGK gedurende Augustus, hooggeregshof toe gaan om te besin oor die LGBTI kwessie. Dit is 'n hartseer saak wat die kerk alreeds sedert 2015 in die gesig staar. Dit is seker – die uitkoms van die beslissing in Augustus gaan die NG Kerk se toekoms direk raak. Daarom word elke lidmaat gevra om gedurende hierdie tyd vir die leierskap in die kerk te bid en te bid dat die Here Sy kerk sal bewaar teen skeuring. Ons kan dit nie bekostig nie en ons kerk kan nie nog 'n terugslag ervaar nie. Mense is soekend vir leiding en as hierdie saak nie reg hanteer word nie, kan dit baie wantroue in die NGK veroorsaak. Gelukkig weet ons, dat alles wat te groot is vir ons om te hanteer, kan ons by God los, want God sal reg en geregtigheid laat geskied. As predikant van Kroonstad-Oos wil ek nou reeds die uitnodiging rig aan alle lidmate wat vrae het oor die saak, om my te kontak sodat ek met julle kan gesels oor die wyse waarop ons gemeente die saak gaan hanteer. Moet asseblief nie huiwer om my te kontak en moet asseblief nie besluit om uit seerkry weg te bly van die kerk af nie. Ons wil graag in die midde van die storms met julle hande vashou en God vertrou vir antwoorde.